higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 2

(3021042)

2 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

204Q1N2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Stelontwerpers en personeel wat rekwisiete aankoop gebruik storieborde om hulle te help om hulle ontwerpe te voltooi en op filmstelle te werk.

1.2 Lae kamerahoeke laat die onderwerp swak en klein lyk. §

1.3 Nabyskote word gebruik om dramatiese effek aan 'n toneel te verleen.

1.4 Tipografie en spesifieke lettertipes kan gebruik word om 'n bepaalde emosie te skep.

1.5 In tipografie is die stam die ekstra haal aan die einde van die vertikale en horisontale hale van die lettervorm.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Hierdie lêerikoon word gebruik om 'n houer vir ongewenste lêers en vouers te identifiseer:

A My dokumente
B Herwinblik
C Vouerikoon §
D Hiperskakel

2.2 Die proses om digitale beelde van een plek na 'n ander oor te dra:

A Plek
B Omskakel
C Ondeurskynendheid
D Uitvoer

2.3 Watter van die volgende items, in terme van DTP (Desktop Publishing), is nie 'n element nie?

A Reekspoort
B Beeldknop
C Palet
D Kieslys §

2.4 Die grootte van 'n A4-bladsy:

A 90 mm × 50 mm
B 148 mm × 210 mm
C 210 mm × 99 mm §
D 210 mm × 297 mm

2.5 Die korrekte dpi en kleurkode vir die ontwerp van 'n digitale ontwerp is:

A CMYK , 150 dpi
B RGB , 72 dpi
C CMYK, 72 dpi
D CMYK , 300 dpi

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	CPU	A	het gewoonlik data baie vinnig oorgedra
3.2	USB §	B	grootste bergingstoestel in die rekenaar
3.3	ROM	C	geheue wat nie data kan berg wanneer die rekenaar afgeskakel is nie
3.4	HDD	D	hoofinligtingsverwerkingseenheid in die rekenaar
3.5	DVD	E	data word geberg wanneer die rekenaar afgeskakel is §
		F	verwyderbare bergingstoestel

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Identifiseer die tipe kommersiële fotografie wat voorgestel word in (4.1.1–4.1.5). Verduidelik jou antwoord deur twee kenmerke van elke soort fotografie te identifiseer.

4.1.1



§

4.1.2



§

4.1.3



§

4.1.4



§

4.1.5



(3 × 5) (15)

§

4.2 Pas die volgende kuns- en ontwerpbeweging van die Modernistiese Era by die kunswerke wat in (4.2.1–4.2.5) getoon word.

Verduidelik kortliks TWEE basiese kenmerke van die beweging:

A Kubisme
B Art Nouveau
C Surrealisme §
D Die Bauhaus
E De Stijl

4.2.1



4.2.2



§

4.2.3

§



4.2.4



§

4.2.5

§



(5 × 3) (15)

4.3 Identifiseer die teikenmark vir onderstaande produkte (4.3.1–4.3.5) en motiveer jou antwoord oor die produk en die buitekant van die produk.

4.3. 1.



§

4.3. 2

§



4.3.3



§

4.3. 4

§



4. 3.5



§

(5 × 3) (15)

4.4 Maak 'n lys en verduidelik VYF soorte elemente van multimedia wat in multimediaprojekte gebruik kan word.



§

(5 × 2) (10)
[55]

TOTAAL AFDELING B: 55

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 STEL JOU AAN ANDER VOOR §

Persoonlike handelsmerke behoort vir elke ontwerper belangrik te wees. Dit is die geheim wat jou kan laat uittroon.



Jy het so pas as grafiese ontwerper gekwalifiseer en is op soek na ’n voltydse werk. Jy is uitgenooi om tydens ’n werksonderhoud ’n voorlegging aan potensiële kliënte te doen. Jy moet ’n kort portefeulje van VYF skyfies beplan en voorberei om jou en jou werk bekend te stel.

- Teken VYF blokke in die ANTWOORDBOEK. §
- Elke blok moet 8 cm × 6 cm groot wees.
- Die VYF skyfies moet ’n gemeenskaplike ontwerp en styl volg wat dwarsdeur gevolg word. (15)

5.2 Pointillisme is ’n grafiese tekenstyl wat kolletjies gebruik om fatsoen, vorm en kontras te skep. Gebruik ’n halwe bladsy in jou ANTWOORDBOEK om ’n pointillistiese tekening (geen lyne, slegs kolletjies) van die stillewe hier onder te skep. Gebruik ’n potlood of ’n pen daarvoor. §



§ (10)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou